# HOOFSTUK 3

# BYBELS-REFORMATORIESE TEOLOGIE

## 3.1 Bybels-Reformatoriese teologie soos gesien deur enkele woordvoerders in die Kerk

Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verwag van sy bedienaars van die Woord wat teologie doseer [Ordereël 2.1.6.1 (c)], om die Bybels-Reformatoriese teologie te bevorder deur navorsing, publikasie, voordragte en dosering, asook deur leiding aan nagraadse studie (NHKA 2001: 8). Die saak kom ook ter sprake as inhoud van die visitasiegesprek [Ordinansie 3.4.2 (vi) (b) en (d)], wat ringskommissies voer om die eenheid tussen gemeentes te handhaaf. By díé geleentheid word vanuit die Bybels-Reformatoriese teologie oor die opbou van die gemeente, en hervorming van die gemeentelike praktyk besin. Terselfdertyd word in die vooruitsig gestel dat die Bybels-Reformatoriese teologie tydens visitasie by predikante bevorder moet word (NHKA 2001: 46). Hiermee het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk die teologie wat in die Kerk beoefen word, tipeer as Bybels-Reformatoriese teologie.

Die Hervormde Teologiese Studies is die teologiese tydskrif van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in die lewe geroep is om die Bybels-Reformatoriese teologie te bevorder. Die intensie het as ‘n subopskrif op die buiteblad verskyn tot en met die verandering, sedert Jaargang 32/3 & 4 (1976). Die redakteur gee egter die versekering dat die weglating van die opskrif nie daarop dui dat die doelstelling van die HTS verander het nie. ‘Die redakteur is nie daarvan bewus dat die Bybels-Reformatoriese teologie die afgelope tien jaar in HTS bevraagteken is nie. Buitendien, sowel kritiese ondersoek as selfkritiek is kenmerkend van die Bybels-Reformatoriese tradisie’ (Van Aarde 1994: 2). Sedert die uitgawe van Maart/Junie 2001 word die tydskrif aangedui as HTS Teologiese Studies.

Gedagtig aan die feit dat ‘n kerklike orde die kerklike lewe rigtinggewend en dinamies wil begelei, is dit vanselfsprekend dat die tipering van die Kerk se

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


teologie as Bybels-Reformatories belangrik geag word en in die byderwetse tyd waarin die Kerk hom bevind, na waarde geskat moet word. Dit is ook vanselfsprekend dat hiermee gestel word dat die Kerkorde as sodanig, funksioneer binne die teologiese uitgangspunt van die Kerk. *De jure* kan aanvaar word dat die Kerk vanweë sy Kerkorde, en as gevolg van die feit dat die Algemene Kerkvergadering daaraan goedkeuring geheg het, steeds die Bybels-Reformatoriese teologie beoefen. *De facto* kan waarskynlik beweer word dat alhoewel die uitgangspunt nie sedertdien verander het nie, daar verskil van mening bestaan oor wat presies verstaan moet word wanneer oor die Bybels-Reformatoriese teologie gehandel word (Pelser 2001: 22). Die saak word op die spits gedryf met die volgende uitspraak: 'Die dubbelloop term Bybels-Reformatories word die laaste tyd weer heen en weer gegooi en is al so vuil gevat dat dit vir my lyk of 'n bietjie skoonmaakwerk aangewese is' (Die Hervormer 2003: 6). Die feit dat die inhoud van die Bybels-Reformatoriese teologie nie so eenstemmig bejeën word nie, is ook uit die volgende uitspraak duidelik:

> Daar word ook daarop gewys dat aspekte van die historiese Jesus-navorsing finaal afskeid neem van die Bybels-Reformatoriese teologie en dat daarom binne die eie teologiese klimaat van die Hervormde Kerk ernstig oor dié saak en die teologiese implikasies van die historiese navorsing besin sal moet word.
>
> [Van Wyk (jnr) 1999: 118]

Uit 'n hoofartikel van die Hervormer word steeds na die teologie van die Kerk verwys as Bybels-Reformatories (Die Hervormer 2003: 4).

Daarom is dit waarskynlik goed om bepaalde woordvoerders van die Kerk aan die orde te stel en daarnaas ook vanuit die belydenisskrifte van die kerk, 'n aanduiding te gee wat daaronder verstaan moet word. Ten spyte van verskillende standpunte en interpretasies wat daaraan geheg kan word, neem die belydenisskrifte 'n besondere plek in die lewe van die Kerk in as erfenisse wat kerkordelik verskans, en deur die handtekening van elke toegelate

bedienaar van die Woord bevestig word. Die Kerk formuleer in die proponentsformule (Ordinansie 1.1.2) dat die formuliere van eenheid te wete, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls onder andere, as getuienis van die leer van die Kerk geglo word in die vaste oortuiging dat dit in ooreenstemming is met die Woord van God (NHKA 2001: 4). Aangesien laasgenoemde belydenisskrifte uit die Reformasie dateer, kan aanvaar word dat ‘n verantwoordelike getuienis daaruit afgelei kan word.

Daar was nog altyd ‘n terughoudendheid om van ‘n sogenaamde Hervormde teologie te praat en daarom is die begrip Bybels-Reformatories eerder gebruik. As Van Zyl hom oor die teologie van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitspreek, sê hy dat daarop ‘n volstrekte *nee* moet volg, want die Kerk ‘het nie ‘n eie teologie nie. Hoogstens kan ‘n mens sê dat hierdie kerk in die beoefening van teologie, voorkeur gee aan ‘n bepaalde teologiese denkrigting, wyer as eie kerkgrense.’ Hieraan is aanvanklik ook gevolg gegee deur die subopskrif van die Hervormde Teologiese Studies, naamlik vir die bevordering van die Bybels-Reformatoriese teologie (Van Zyl 1999: 24). Hy voeg naas Bybels-Reformatories, ook nog dialekties by met die volgende opmerking:

> Dat die twee saam genoem word, is ‘n aanduiding dat hulle in noue verband met mekaar staan. Dialektiese teologie kan verstaan word as verlengstuk van die Reformatoriese, nie in die sin van repristinasie nie, maar as vernuwende voortgang. Albei wil teologie van die woord wees, beskou die Bybel as enigste outentieke getuienis van die selfbekendmaking van God in die mensgeworde Woord, deur die menslike getuienis van apostels en profete. Die vraag kan gestel word of dit nie voldoende is om van Bybelse teologie te praat nie. Ongelukkig verstaan almal nie die Bybel eenders nie. Elke ketter het sy letter. As die voorneme is om Bybels-Reformatories teologie te beoefen, beteken dit slegs dat geteologiseer word met die Bybel, soos deur die Reformatore verstaan, as grondslag, inhoud en norm daarvan.

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


(Van Zyl 1999: 25)

Die teologie wat in die Hervormde Kerk beoefen is, het hom nog altyd afgegrens teen 'n objektivisme eie aan die Gereformeerde Ortodoksie, wat die belydenisskrifte verhef tot geldende waarhede, wat ten alle koste geglo moet word. Daar word die verhouding God en mens, sonde en genade omskrywe binne die struktuur van die uitverkiesingsleer, en nie meer die regverdiging van die sondaar deur die geloof alleen nie (Pont 1999: 204). Andersyds moes ook teen die subjektivisme afgegrens word wat in die Metodisme ervaar word. Grondliggend word gereageer teen die invoering van bepaalde sisteemdenke wat waarskynlik toe te skryf is aan die sterk dialektiese inslag, eie aan Hervormde teologie beoefening. Koekemoer (1994: 19) maak die volgende opmerking:

> Tegelyk is daar gewerk met die vooronderstelling dat teologie in diens van die kerklike verkondiging is. En omdat die belydenisskrifte in dié opsig gesien is as 'n regulerende wegwyser ter wille van die suiwerheid van die verkondiging eerder as 'n gepatenteerde verstaan van die Skrif waarvan nooit afgewyk mag word nie, is daar dan ook van belydende kerk in plaas van belydenis-kerk gepraat.

Dit gaan nie daaroor om 'n relasie te soek met bepaalde waarhede nie, maar om in verhouding met die lewende God te leef. Die teologiese posisie van die Kerk is sonder twyfel Bybels-Reformatories, hoewel daar op verskillende wyses aan uiting gegee word. Oberholzer doen 'n beroep op teoloë om te bly besin oor die positiewe, anti-rewolusionêre aspekte van die Bybels-Reformatoriese teologie, om daarin die regte rigting te vind (Oberholzer 1993: 880-881). Koekemoer vat die saak saam wanneer hy stel dat die eg Hervormde teologiese idioom beskryf kan word as 'n dialektiese spanning tussen ewigheid en tyd, wat in 'n teologiese spel verwoord word. 'Daarom wil dié soort teologie nie eindig in 'n afgeremde en geslote sisteem nie, maar dit wil steeds Woordgebonde en tradisiegetrou wees, terwyl dit rekening hou met die eie tyd en omstandighede' (Koekemoer 1994: 25).

Vir Pont is die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n objektiewe teologie, ‘dit wil sê ‘n teologie waar die geloof van die gemeente gerig is op ‘n objektiewe waarheid wat buite die mens staan en nie in die eerste plek op die mens se subjektiewe geloofsbelewing nie. Daardie objektiewe waarheid is die openbaring van die verborge God, naamlik Jesus Christus’ (Pont 1999: 201).

Maar verder is dit ook so dat die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n openbaringsteologie is, waar die enigste betroubare getuienis van die openbaring van God in Jesus Christus, in die Bybel gevind word. Pont (1999: 201-2) wys daarop wanneer hy sê:

> So gesien, is die Bybel die getuienis en prediking oor Jesus Christus, die Seun van God,...Alleen in die Bybel is die verhaal van die heilswerklikheid, hierdie verlossing deur getuies neergeskryf, en daarom is alle verkondiging van Jesus Christus onherroeplik op die Bybel alleen aangewys.
>
> Daarom is die Bybels-Reformatoriese teologie ‘n openbaringsteologie of ‘n Woordteologie omdat dit in alle opsigte deur die Woord of die Bybel genormeer word.

Die objektiwiteit van die teologie beklemtoon terselfdertyd dat die mens se verlossing van buite kom,en nie deur sy eie toedoen bewerk word nie:

> Daardie God wat Hom oor ons ontferm het, Homself aan ons geopenbaar het in sy Seun, ons Here Jesus Christus wat van ewigheid af ook God is. Daardie God wat Hom met ons armsalige mense bemoei en ons om Christus wil, ons sonde vergewe en ons onder sy sorg en sy ontferming plaas en aan ons ‘n nimmereindigende toekoms in sy heerlikheid beloof het.
>
> (Pont 1999: 207)

Bybels-Reformatoriese teologie is ‘n Woordteologie wat in die Bybel as die geopenbaarde norm vir leer en lewe, die gesaghebbende Woord van God vind. Daarom berus die teologie op die openbaring van God, wat tegelyk in Jesus Christus as Seun van God ook mens geword het, en daarom ‘n openbaring in verborgenheid is, en nooit geopenbaardheid word nie. As objektiewe en geopenbaarde Woord tree God in Jesus Christus die sondaar tegemoet, wat van sy sonde geregverdig word deur die geloof alleen, sonder eie verdienste. Die geregtigheid wat die mens in Jesus Christus ontvang, is vreemde geregtigheid, wat nie deur sy eie toedoen geskied nie maar buite sy toedoen deur die genade en liefde van God, hom deelagtig word. Die Bybels-Reformatoriese teologie stel ‘n bepaalde Godsbegrip aan die orde, wat nie deur die mens se verstand of navorsing daargestel is nie, maar kenmerkend van die besondere openbaring van God. Daar is dus ‘n radikale verskil tussen God en mens, en juis daarom word die menswording van Jesus Christus die sentrale feit van Bybelse verkondiging. Miskien is die mees radikale van die Bybels-Reformatoriese teologie dat gebreek is met die optimistiese Roomse mensopvatting, en weer duidelik gesê is dat die mens in sonde ontvang en gebore is, sodat met ‘n verlossingsleer gewerk word wat nie geskoei is op die eie verdienste van die mens nie, daar die sonde uit die mens se hande geneem is om dit ‘n saak van God en sy Seun te laat word:

> ‘n Bybels-Reformatories teologie wat die kerk kerk wil laat wees – losgeruk uit die inpalming van partye en ideologieë; ‘n vashou aan die dialektiese, paradokse spanning in die verhouding van God en mens, tyd en ewigheid; teenoor alle rasionalistiese en subjektiwistiese sporinge van die agtiende en negentiende eeu in, ‘n Bybels-gefundeerde denke oor sonde en genade, vryspraak en die ware heiligmaking; ‘n teologie van die Woord.
>
> (Van Wyk 1999:143)

Miskien is dit goed om ná verskillende woordvoerders in die Kerk, nog na die volgende slotparagraaf te luister waarin Van Wyk (1999: 149) die volgende sê:

> Hier word volstaan met die oortuiging dat die Nederduitsch Hervormde Kerk se teologiese inhoude die raakste gestempel word as Bybels-Reformatories en in aansluiting by Kohlbrugge, Hoedemaker en Barth verder genuanseer word as teologie van die Woord; oorheersende klem op die vryspraak deur die geloof; heiligmaking, nie as werk en prestasie van die mens nie, maar as daad van God; ontsag vir die dialektiese, paradokse spanning tussen God en mens, ewigheid en tyd; ‘n sterk ontwikkelde kerklike bewussyn en intuïsie, antiseperatisties, waaraan die begrip volkskerk uitdrukking gee; respek vir en handhawing van die belydenis as normale lewensruimte vir die kerk, maar sonder om te verval in belydenisdwang en konfessionalisme.

## 3.2 Bybels-Reformatoriese teologie volgens die drie formuliere van eenheid

Vanweë die Kerk se keuse om gebonde te bly aan sy Reformatoriese erfenis, en aangesien die Kerk erns maak met die handhawing van die belydenis, wanneer in die proponentsformule van elke dienaar van die Woord verwag word om met sy handtekening die oortuiging te bevestig dat die formuliere van eenheid in ooreenstemming met die Woord van God is, sal daaruit waarskynlik ‘n goeie beeld gevorm kan word van die Bybels-Reformatoriese teologie na aanleiding van die genoemde belydenisskrifte.

In die Heidelbergse Kategismus word vrae 3 tot 9 en 10 tot 11 gewy aan die ellende van die mens wat daarin bestaan dat die mens aangekla word dat hy nie die wet van God kan nakom nie as gevolg van die feit dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat (Vraag 5). ‘Die Fragen 3-9 reden von einer anklage, unter der der Mensch steht. Gottes Wort beschuldigt ihn, das Recht, die Ordnung, die zwischen ihm und Gott aufgerichtet war, gebrochen und zerstört zu haben. Das ist der Grund seines Elends’ (Barth 1949: 31). Die saak word as ‘t ware verder beklemtoon as aangedui word dat die mens inderdaad goed geskape is (Vraag 6), maar dat die verdorwenheid

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


van die mens te wyte is aan die val en ongehoorsaamheid in die paradys waar die natuur van die mens so verdorwe geraak het, dat almal in sonde ontvang en gebore word (Vraag 7) (NHKA 1997: 138).

Dieselfde word ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind, wanneer in Artikel 14 gestel word dat God die mens goed geskape het volgens sy beeld en gelykenis, regverdig en heilig, maar dat die mens deur na die duiwel te luister, hom willens en wetens aan die dood en die vervloeking onderwerp het. 'Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien' (NHKA 1997: 120).

Die saak oor die sondeleer word verder beklemtoon as die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 15 ook na die sonde as erfsonde verwys wat

> deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeëërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is....Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem.
>
> (NHKA 1997: 121)

Wanneer die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 7 verwys na die sondeval in die paradys deur Adam en Eva, 'wordt de erfzondigheid van het menslijke geslacht ingebed in de erfschuld' (Haitjema 1962: 32). Die erfsonde word ook verder in perspektief geplaas met die volgende uitspraak: 'En nu wil het woord "erfzonde" zeggen, dat niet alleen de zonde in ons is, maar dat wij veel meer in de zonde zijn' (Koopmans 1939: 75). Die sonde as erfsonde word deur Heyns (1988: 197) soos volg gesien:

> Die werklikheid van die erfsonde noodsaak die prediking om die mens tot die besef te bring dat hy nie net sonde *doen* nie, maar

> sondaar *is*. Sy sonde - waarvoor hy skuld dra en dus om vergifnis moet vra - is nie net die dade waarvan die mens bewus is nie, maar ook die sonde waarvan hy nie weet nie en nie bewus is nie.

In die Dordtse Leerreëls word ook na die sondigheid van die mens verwys wanneer gestel word dat die mens van die begin af na die beeld van God geskape is, waardeur die mens toegerus is met geregtigheid en ‘n suiwer gesindheid:

> Maar deur die ingewing van die duiwel en uit sy vrye wil het hy hom van God losgeskeur en homself van hierdie uitnemende gawes beroof....Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde.
>
> (NHKA 1997: 180-181)

Hiermee is aangedui dat die drie formuliere van eenheid groot erns maak daarmee dat die mens in sonde ontvang en gebore is, en daarom mank gaan aan die geregtigheid, en van nature ‘n lewe ly wat nie van regskapenheid getuig nie. Hierin word dus ‘n pessimistiese mensbeeld gehoor, wat die mens as sondaar aandui wat teen die Woord en wil van God in opstand is. As die sondigheid van die mens so beklemtoon word, spreek dit vanself dat die vraag na vore kom hoe die mens dan van sy sonde en ongeregtigheid verlos word. Dit is duidelik dat die mens nie self daartoe ‘n bydrae kan lewer nie, soos reeds geblyk het uit die aanloop en besluite van die leer oor die uitverkiesing wat in die debat tussen Franciscus Gomarus (1563-1641), en Jacobus Arminius (1560-1609) en hulle volgelinge, daarop uitloop dat die Sinode van Dordrecht 1618-1619 daaroor uitspraak moes lewer. Volgens die Dordtse vadere is die bestemming van die mens sterk bepaal deur die sondeval, die erfsonde en die erfskuld waardeur alle mense sonder uitsondering, in sonde geval en homself nie daaruit kan kry nie, en tweedens dat die leer van die uitverkiesing ‘n uitverkiesing in Jesus Christus is, wat nie

deur die medewerking van die mens geskied nie (Pont 1994: 103-104). Die verlossing van die mens kan dus nie subjektief van aard wees nie, maar objektief, dit gebeur van buite die mens as verlossing wat slegs deur God moontlik is.

Dit beteken dat die regverdiging van die mens nie in of deur homself moontlik is nie, maar deur God alleen. Die Reformatore het die aangeleentheid in die belydenisskrifte hanteer, as antwoord op die vraag hoe die mens van sy sonde en ongeregtigheid verlos word. Die vraag na die regverdiging van die mens en die verlossing van sy sonde, plaas die Godsbegrip van die belydenisskrifte op die voorgrond. Dit is ‘n logiese gevolgtrekking dat ‘n pessimistiese mensbeskouing gevolg word deur ‘n optimistiese Godsbeskouing. God is in die Kategismus die handelende God in Jesus Christus wat Hom in sy Woord openbaar, soos Barth (1949: 20) aandui:

> Gott ist in diesem Text kein *Deus nudus*, *absolutus*, *absconditus*, sondern wo die Vokabel Gott auftaucht, da handelt es sich immer um Gott in Jesus Christus. Gott ist im Heidelberger nach einer oft wiederholten Wendung der “der sich in seinem Wort geoffenbart hat”.

Daarom word in die Heidelbergse Kategismus in vraag 26 (NHKA 1997: 142) gevra oor die inhoud van die geloof, wat uitgedruk word wanneer die geloof bely word in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. Die antwoord daarop is dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer, ter wille van sy Seun Christus, my God en Vader is. Jacobs (1959: 84) sê daaroor:

> Der Glaube an Gott den Schöpfer wird hier nicht für sich behandelt, sondern als Glaube an Gott den Vater bekannt. Und der Glaube an Gott den Schöpfer und Vater wird nicht für sich bekannt, sondern als Glaube an Gott den Vater Jesu Christi bezeugt. Der Schöpfungsglaube ist nur durchzuhalten als

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


> Glaube an den persönlichen Gott, als Glaube an den Väterlichen Gott, als Glaube an den Gott und Vater in Jesus Christus. Die Gottesaussagen sind christozentrisch, und die Christusaussagen sind theozentrisch.

Naas die voorsienigheid van God wat in Sondag 10 behandel word, kry die verlossing in en deur God die Seun in Sondae 11 tot 19, volledig aandag. Die opstellers gaan van die standpunt uit dat Jesus Christus aangestel is om aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend te maak (Vraag 31), wat dui op die feit dat God Hom aan die mens geopenbaar het soos aangedui word wanneer vrae en antwoorde 25, 95 en 117 daarmee saam gelees word, waaruit blyk dat die openbaring geskied deur die Woord van God. Op grond van die openbaring word die verlossing van die mens omskryf as ‘n verlossing in en deur Jesus Christus wat Here is, wat die mens na liggaam en siel van al sy sondes, en uit die heerskappy van die duiwel bevry het, nie met goud of silwer nie, maar deur sy kosbare bloed waardeur die verloste eiendom van God word, verlos en vrygekoop (Vraag 34). Die verlossing van die in sonde gevalle mens is ‘n objektiewe gebeure wat van buite die mens, sonder sy versoek of verdienste deur God in Jesus Christus uit genade gebeur, en daarna ‘n subjektiewe gebeurtenis in die lewe van die verloste mens word, waarop hy slegs deur sy dankbaarheid kan getuig.

Jesus Christus is God én mens want Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Dit beteken dat Hy die ewige Seun van God is wat ware en ewige God is en bly, maar ook die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria, deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (Vraag 35). Van Niftrik, na aanleiding van die antropologie van Barth, vat die saak oor die verhouding tussen die godheid en mensheid van Christus soos volg saam: ‘Het is niet zó, dat in het spreken en handelen van Jezus nu eens de goddelijke en dan weer de menslijke natuur openbaar wordt. Jezus is beide: God en mens, en wel niet náást, maar mèt elkander, niet in twee gescheiden sferen, maar Gods Zoon, terwijl Hij mens, mens, terwijl Hij Gods Zoon is’ (Van Niftrik 1951: 81).

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


Jesus Christus is Middelaar wat met sy onskuld en volkome heiligheid die sonde waarin die mens ontvang en gebore is voor God bedek (Vraag 36). So het Hy as versoeningsoffer die menslike liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos. Die gevolge daarvan is dat die sondaarmens die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe, verwerf het (Vraag 37).

Dit is verder duidelik dat die Kategismus Jesus bely as die verlosser wat gekruisig is onder Pontius Pilatus (Vraag 38), gesterf het (Vraag 40) en begrawe is (Vraag 41), maar wat uit die dood opgestaan (Vraag 45) en opgevaar het na die hemel (Vraag 46).

Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God, wat die mens deur 'n ware geloof laat deel aan Christus en al sy weldade, die mens troos, en ewig by hom bly (Vraag 53). Die objektiewe aard van die verlossing word deur die werk van die Heilige Gees verder beklemtoon met die aanduiding dat die gelowiges almal saam, en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (Vraag 55). Verder word gestel dat die vergewing van sonde op grond van die voldoening van Christus plaasvind, waardeur God aan die sondes en sondige aard nooit meer wil dink nie. Uit genade skenk Hy die geregtigheid van Christus, sodat die mens nooit weer in die strafgerig van God sal kom nie (Vraag 56). Die verlossing van die mens is nie net vir die huidige bedeling bestem nie, maar word eskatologies bepaal wanneer gestel word dat die mens in sy totaliteit met die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word. Die Kategismus lê ook klem daarop dat dood nie 'n verbreking van die verhouding tussen die verloste sondaarmens en die Verlosser beteken nie, maar onversteurde voortgang wat bevestig word in die formulering dat die gestorwe mens 'dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word' (Vraag 57). Die aangeleentheid word as 't ware op die spits gedryf wanneer die toekoms van die mens op die ewigheid gerig word in die belewenis van 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor, en in die hart van geen mens opgekom het nie (Vraag 58).

In die twee Sondagafdelings 23 en 24 word die uitspraak van die apostel Paulus, dat elkeen sal lewe wat deur God vrygespreek is omdat hy glo (Rom 1: 17), by implikasie deur die Kategismus nader uitgelê. Die geloof in Jesus Christus wat deur sy heilswerk die sondaar uit genade red, bring die vraag na die voordeel om dit alles te glo, ter sprake. Die Kategismus verklaar dat die verloste sondaar in Christus voor God regverdig is, en daarom ‘n erfgenaam van die ewige lewe is (Vraag 59). Daarnaas word die kritiese vraag gestel na die geregtigheid van die mens, as ‘n geregtigheid wat Christus skenk sonder enige verdienste, uit louter genade. Die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid skenk Christus asof die sondaarmens nooit sonde gehad het of gedoen het nie, en asof die mens self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus volbring het (Vraag 60). Om op grond van die geloof voor God regverdig te wees, beteken nie dat die sondaarmens op grond van sy geloof as sodanig regverdig is nie, maar dat die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus die geregtigheid van die gelowige sondaar voor God is. Dit word deur die geloof aangeneem en tot eiendom gemaak (Vraag 61).

Die saak word verder beklemtoon. Die mens se goeie werke dien nie tot sy saligheid nie, omdat die mens se goeie werke onvolmaak nie in ooreenstemming met die wet van God is nie, en met sonde besmet is (Vraag 62). Want die verlossing uit die sonde realiseer nie deur verdienste nie, maar deur genade alleen (Vraag 63). Die driedeling wat in die Kategismus aangetref word, sonde, verlossing en blye dankbaarheid, berus op die indeling van die Brief aan die Romeine. ‘Wanneer dit gesê word, dan dui dit daarop dat die sentrum van die Bybels-Reformatoriese teologie die evangelie van die regverdiging van die sondaar-mens, deur die geloof alleen is’ (Pont 1999: 204).

Met verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis word die Skrif met dieselfde erns bejeën, wanneer in Artikel 3 gestel word dat die Woord van God nie deur die wil van ‘n mens gestuur of voortgebring is nie, en dat God sy dienaars die profete en die apostels beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel (NHKA 1977: 115). Verder word die gesag van die Skrif

beklemtoon wanneer die Skrif as alleen heilig en kanoniek bestempel word (Artikel 5), en dat verder ook bely word dat die Skrif die wil van God volkome bevat, en dat alles wat  die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word (Artikel 7).

Verder word die godsbegrip aangedui as ‘n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik Vader, Seun en Heilige Gees (Artikel 8). Die kennis dat dit so is, word in die Skrif gevind, uit die getuienisse van die Skrif, asook deur hulle werkinge (Artikel 9). Van Jesus Christus en van die Heilige Gees word gestel dat elkeen ware en ewige God is soos die Heilige Skrif ons leer (Artikels 10 en 11). Ten spyte van die sonde van die mens wat ook as erfsonde tipeer word (Artikel 15), dui die verkiesing van die mens op die barmhartigheid en regverdigheid van God (Artikel 16), en dat God aan die mens beloof het dat Hy aan die mens sy Seun sal gee om die mens salig te maak (Artikel 17). Hierdie Seun van God het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word, uitgesonderd die sonde. Hy is uit die liggaam van die maagd Maria gebore deur die krag van die Heilige Gees, sonder die toedoen van ‘n man verwek (Artikel 18). Daarom word die persoon van Christus as volledig goddelik, en volledig menslik gesien, wat nie dui op twee persone nie, maar op twee nature in een persoon verenig. Die belydenis hou in dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe (Artikel 19).

Met die sondeval van die mens word groot erns gemaak, wat tot gevolg het dat Jesus in die plek van die sondaar die lyding en die prys vir die sonde moes betaal, sodat daaruit verlossing en versoening moontlik kon word (Artikel 20). So word Jesus bely as die gekruisigde, omdat in sy wonde volle vertroosting gevind word en geen ander middel ter versoening nodig is nie, behalwe hierdie offerande wat net een maal gebring is (Artikel 21). Saam met die Heidelbergse Kategismus word in die Nederlandse Geloofsbelydenis ook gestel dat die sondaarmens deur die geloof in Jesus Christus geregverdig word. Saam met die apostel Paulus word bely dat die geloof alleen voldoende is (Rom 3: 28). Daarmee word ook aangedui dat dit nie oor die geloof van die

mens as sodanig gaan nie, daar die geloof slegs die middel is waarmee die geregtigheid in Christus omhels word. Die geloof is die middel wat die verloste sondaar aan Christus verbind (Artikel 22).

Daarom is die mens wat hier ter sprake kom geregverdig, ‘n geregtigheid wat objektief van buite homself sonder sy eie toedoen gebeur, omdat Jesus Christus sondaars uit genade regverdig. Die geluksaligheid van die sondaar is geleë in die vergewing van sondes om Jesus Christus ontwil, en die regverdiging van die sondaar is ‘n geregtigheid in en deur Jesus Christus alleen (Artikel 23).

Dieselfde gedagtegang kom ook in die Dordtse Leerreëls ter sprake waar in hoofstuk twee oor die dood van Jesus Christus, en die verlossing van die mens deur sy dood, gehandel word. Die derde hoofstuk handel oor die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Sake wat in hoofstuk een gestel is, word hier eksplisiet behandel, ‘naamlik die skepping en val van die mens, die erfsonde, die bietjie lig van die natuur, die Wet van God, die roeping Gods, die weer- of nuwe geboorte en die geloof’ (Pont 1994: 100).

Laastens, as deel van die werk van die Heilige Gees, word aandag aan die kerkbegrip gegee wat in die Belydenisskrifte ter sprake kom. Barth (1949: 20-21) dui aan dat die Kategismus die volledige weldaad van God op die Christendom, op die kerk betrek:

> Wenn der Heidelberger von Jesus Christus spricht, so ist damit der Inbegriff aller göttlichen Wohltat gemeint, d. h. das eine und völlige Heil für den Menschen, der Zuspruch der Vergebung und der Anspruch auf unser Leben, unsere Befreiung zum Dienst....Der Heidelberger hat eine Neigung, diese Wohltat zu beschränken auf die Christenheit, bzw. auf die Kirche....Die Christenheit und die Kirche ist nach der heiligen Schrift nicht Selbstzweck, sondern Dienst an Gottes Werk...Es heisst auch im Heidelberger, es gehe für den

> Christen darum, dass Gott durch uns gepriesen werde und nicht darum, dass wir selig werden.

Die Heidelbergse Kategismus handel oor die kerk in vraag en antwoord 54. Uit die formulering word die oorsprong van die kerk Christosentries aan Jesus Christus, die Seun van God, toegeskryf. Hy vergader, beskerm en onderhou vir Hom ‘n gemeente wat tot die ewige lewe verkies is uit die ganse menslike geslag. Dit gebeur deur die Heilige Gees van die begin van die wêreld af tot die einde toe, en verseker elkeen daarvan dat hy ‘n gelowige lidmaat is en sal bly. In die formulering word nie net die oorsprong nie, maar ook die toekoms en voleinding van die kerk teosentries aangedui.

Na die gedagtegang van die Twaalf Artikels, volg die belydenis oor die kerk direk na die belydenis van die Heilige Gees. In die lig daarvan dui Haitjema twee samehange aan waarin die belydenis in die Kategismus staan. ‘Eigenlijk is het zó, dat wij de belijdenis van wat de Kerk is, hebben te zien als uitwerking, als vrucht van het werk van de Heilige Geest’ (Haitjema 1962: 143). Daarnaas wys hy ook op ‘n tweede verband:

> Het is naast de pneumatologische samehang het christologisch verband, waarin het leerstuk der Kerk moet komen te staan,...Zo is de volle, rijke Christus het geheimnisvolle wezen der Kerk. Als Hoofd van zijn Gemeente, die zijn lichaam is, trekt Hij de zijnen op Zich als het grote Middelpunt aan, en vergadert, beschermt en onderhoudt Hij daarmee zijn Kerk.
>
> (Haitjema 1962: 145)

Ook by Kohlbrugge (sj: 321) word die verband tussen Christus en die Heilige Gees beklemtoon met betrekking tot die kerk:

> Uit het gansche menschelijk geslacht vergadert zich de Zoon Gods een gemeente....Deze gemeente vergadert zich de Zone Gods, en dat doet Hij, ten eerste: door Zijn Geest, door welke Hij haar levend maakt, haar bekeert,...Deze Geest maakt

> levend, neemt het steenen hart uit de mensch weg, en geeft hem een vleeschen hart, en verlicht zijn verstand. Want waar de Geest niet komt, begrijpt de mensch van de dingen Gods niets, volstrekt niets.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis wy drie Artikels aan die kerk, naamlik, Artikels 27 tot 29. Uit Artikel 27 is dit duidelik dat die oorsprong van die kerk redelik ver teruggevoer word as gestel word dat die kerk sedert die begin van die wêreld, tot aan die einde daar sal wees. Die christosentriese uitgangspunt kom na vore in die feit dat die kerk ‘n heilige vergadering is van elkeen wat waarlik in Christus glo, wat hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag, en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees.

Artikel 28 beklemtoon die belangrikheid dat elkeen hom by die ware kerk moet voeg aangesien daar buite die kerk geen saligheid is nie. Graafland (1989: 30) sê daaroor:

> Tot dit lichaam behoren, maakte dan ook de zaligheid uit, omdat daar alleen het heil te verkrijgen was. Vandaar dat de bekende uitspraak van Cyprianus, buiten de kerk is er geen zaligheid, op deze ambtelijke sacramentskerk heel direct en solide van toepassing werd geacht.

Vervolgens word in Artikel 29 aandag gegee aan die kenmerke van die ware kerk. Die rede waarom dit gedoen word, is as gevolg van die feit dat daar baie sektes in die wêreld bestaan, wat hulle wederregtelik as kerk voordoen. Hier word die *notae ecclesiae* aangedui as die suiwere prediking van die evangelie, die bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, en verder word as derde merkteken ook verwys na die kerklike tug om die sondes te bestraf. Dit is opvallend dat Calvyn in sy Institusie slegs twee kenmerke noem, naamlik die suiwere prediking en die bediening van die sakramente (Calvyn 1992: 1280). Plomp (1969: 124) gee ‘n mening waarom die tug in die Institusie nie as derde merkteken van die kerk beskou word nie:

> Erkenning van de tucht als “nota ecclesiae” zou er gemakkelijk toe leiden dat de “doctrina” niet alleen as herkenningsteken, maar ook als fundament van de kerk vervangen zou worden door de trouw van mensen, met name hun trouw in het uitoefenen van de tucht en het zich onderwerpen daaraan.

Miskien vat die volgende uitspraak die saak eenvoudig saam: “De tucht is bij Calvijn géén kenteken van de kerk, wèl echter van de welgeordende kerk’ (Plomp 1969: 125; Pont 1981: 256; 1995: 773). Die samevattende sin, nadat die merktekens in Artikel 29 gestel is, herinner aan Calvyn se benadering tot die tug wat ook beskryf kan word as behorende tot die welwese van die kerk, eerder as dat dit deel uitmaak van die wese van die kerk: ‘Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie’ (NHKA 1997: 128).

Die Dordtse Leerreëls vat die saak oor die kerk in Hoofstuk 2.9 soos volg saam: ‘Daar sal altyd ‘n kerk van gelowiges wees, gegrond in die bloed van Christus. Hierdie kerk moet Hom as sy Verlosser, wat sy lewe aan die kruis vir die kerk gegee het – soos ‘n bruidegom sy lewe vir sy bruid sal gee – standvastig liefhê en Hom met volharding dien en van nou af tot in alle ewigheid verheerlik’ (NHKA 1997: 179). In al drie die formuliere van eenheid blyk dat die kerk gesien word as ‘n grootheid wat nie deur die toedoen van mense ontstaan het nie, maar dat die kerk as ‘t ware vóór die mens en sy bestaan, reeds in die raad van God sy bestaan gevind het. Heyns (1988: 324) sê daaroor die volgende:

> Die kerk as vergadering van alle ware gelowiges was dus reeds in die Ou Testament daar, alhoewel Pinkster die geboorte-uur van die Christelike kerk genoem kan word. Intussen is dit wel duidelik dat dit in sowel die Ou as in die Nuwe Testament om presies dieselfde boodskap van genade en heil gaan.

Die kerkbegrip van die belydenisskrifte kan nader beskryf word as verbondsmatig wanneer die Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 74 daarop positief antwoord, dat hulle (die jong kinders) net soos die volwassenes, in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is: ‘Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan in die Nuwe Verbond, die doop ingestel is’ (NHKA 1977: 150). Dieselfde standpunt word ook in die Nederlandse Geloofsbelydenis gevind in Artikel 34: ‘Ons glo daarenteen dat ons hulle behoort te doop en met die teken van die verbond behoort te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes as wat aan ons kinders gemaak is, besny is’ (NHKA 1997: 130).

In aansluiting by die kerkbegrip wat in die genoemde belydenisskrifte ter sprake kom, wat as transendent beskryf kan word, daar die kerk sy ontstaan nie by mense het nie, maar in die raad van God, word verder daarop gewys dat nie net die ontstaan van die kerk as vanweë God beskou moet word nie, maar ook die toekoms van die kerk bestem is om sáám met God te wees. Die Heidelbergse Kategismus stel dit so in Vraag en antwoord 54 waarna reeds verwys is, dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom ‘n gemeente tot die ewige lewe uitverkies het. Behalwe dit word die eiesoortigheid van die kerk bevestig in die siening dat die kerk nie net van die begin tot die einde daar is nie, maar dat die Seun van God die kerk vergader, beskerm en onderhou waarvan gelowiges lewende lidmate is, en ewig sal bly. Dieselfde gedagte formuleer die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 27, dat hierdie kerk van die begin van die wêreld af tot die einde daar sal wees, want Christus is ‘n ewige koning wat nooit sonder onderdane kan wees nie (NHKA 1977: 127). Die volgende uitspraak van Barth is ‘n beklemtoning van die toekomsverwagting wat bepalend is vir die kerk (1922: 325; kyk ook Van ‘t Spijker 1999): ‘Christentum, das nicht ganz und gar und restlos Eschatologie ist, hat mit *Christus* ganz und gar und restlos nichts zu tun’.

Die besondere klem op die toekoms van die kerk en die gelowiges wat op grond van die Woord van God blyk, word ook deur Noordmans (1990: 57)

onder woorde gebring met: ‘Men kan de inhoud der Heilige Schrift het best met een werkwoord verzinnebeelden. En als we dan moesten kiezen, zou dat het woord *komen* moeten zijn. De bijbel draagt geen titel. Maar als hij er een droeg zou het deze kunnen zijn: *Hij komt*.’

**3.3 Samevattend**

Uit bogenoemde kan die begrip Bybels-Reformatoriese teologie verstaan word as ‘n teologie wat hom beroep op die openbaring van God, wat tot die kerk kom in die Woord wat mens geword het en in die Bybel afgelees word. Hierdie openbaring is ‘n openbaring in verborgenheid wat daarop neerkom dat die kerk in sy teologie met die waarheid in ontmoeting kan tree, maar aangesien dit spreke oor God is, kan dit nie rigied in onveranderlike leerstellings en dogmas vasgevang word nie. Daarmee word afgegrens teen ‘n leer-objektivisme wat die neiging het om redelik selfstandig naas die Skrif stelling in te neem. Daarnaas word ook afgegrens teen ‘n subjektivisme waarin die gelowige na die middelpunt beweeg wat op mistieke wyse, die waarheid moet beleef. Noordmans (1981: 295) maak daaroor die volgende opmerking:

> Zo komt het dat, met name in de gereformeerde kerken, de strijd tussen deze beide helften van het geloofsleven niet tot rust komt en er tweeërlei soort nieuwe werkheiligheid ontstaat: de gevoelsheiligheid, die een kenmerk is van de kringen die zich toeleggen op wat zij betitelen met de naam van Nadere Reformatie, en de leerheiligheid, die dikwijls daar gevonden wordt waar men als erfgenamen van de oorspronkelijke Reformatie de orthodoxie voor zich opeist....Het eerste een aantal kenmerken, die het geloofsleven moet vertonen, wil het als echt erkend worden, een zeker gevoelsmethodisme. En het tweede een dergelijk aantal kardinale leerstukken, die vastgehouden moeten worden, wil er sprake kunnen zijn van gegronde hoop op de zaligheid.

Die openbaring van God in Jesus Christus deur die Woord van God tipeer die Bybels-Reformatoriese teologie as ‘n Woord-teologie.

Die Bybels-Reformatoriese teologie is ‘n objektiewe teologie wat oor God handel, en hom besig hou met die groot dade van God en sy eindelose bemoeienis met die mens, wat van buite die mens sonder sy toedoen, die mens met die blye boodskap aanspreek. Dit beklemtoon die onmeetbare afstand tussen God en mens, maar verwoord terselfdertyd ook die nabyheid van God as Immanuel. As objektiewe teologie leer die sondaarmens God ken as Vader, Seun en Heilige Gees.

Die Bybels-Reformatoriese teologie handel óók oor die mens, en dan veral die regverdiging van die mens, wat in sonde geval, en daarin volhard, tensy die gevalle mens deur Jesus Christus uit genade op grond van die geloof regverdig word. Die geregtigheid van die mens op grond van die genade in Jesus Christus, dui op ‘n pessimistiese mensbeskouing as gevolg van die mens as sondaar voor God. Sonde bestaan nie net in verkeerdhede op grond van die weerbarstige verdorwenheid van die mens nie, maar die mens is erflik belas met die sonde as erfsonde, wat beteken dat die mens in sonde ontvang en gebore word.

Vervolgens gee die Bybels-Reformatoriese teologie ook aandag aan die kerkbegrip wat as verbondsmatig omskryf kan word op grond van die feit dat die kerk in die genadeverbond vóór die bestaan van die mens sy beslag het, en dat die sondaarmens op grond van die genadeverbond gedoop word, om lidmaat van die kerk te wees. Die kerk dank nie net sy ontstaan aan die toedoen van God nie, maar word ook deur God onderhou en beskerm tot in ewigheid, waardeur die gelowige ook verseker word dat hy van die kerk ‘n lidmaat is, en ewig sal bly. Dit bevestig die eiesoortigheid van die kerk, en vertroos die gelowige dat die kerk nie bestaan as gevolg van die deelname van mense nie, maar op grond van die feit dat God die werke van sy hande wat Hy begin het om te doen, nie laat vaar nie.

University of Pretoria etd – Van Wyk, B J (2005)


Die Bybels-Reformatoriese teologie is Woord-teologie wat vanweë die openbaring in Jesus Christus die sondaar op grond van die geloof regverdig. Vanweë die feit dat die formuliere van eenheid ter sprake gebring word, word bevestig dat die Bybels-Reformatoriese teologie erns maak met sy belydenis. Daarom is die kerk wat hieruit spruit 'n belydende kerk, wat selfs in sy orde die uitgangspunt eerbiedig dat daar 'n relasie bestaan tussen Skrif, belydenis en kerklike orde. In die Bybels-Reformatoriese teologie is kerklike denke van wesenlike belang, omdat daarmee die verband tussen belydenis en kerklike orde aangedui word.